ONTDEK Gids 1

ONS KAN IN GOD GLO

*J*im het eenmaal vir ‘n ateïs gevra of hy al ooit, selfs net vir ‘n paar oomblikke, met die gedagte geworstel het of daar moontlik ‘n God bestaan.

“Beslis!” het die ateïs tot Jim se verbasing gesê.

“Jare gelede, toe ons eerste kind gebore is, het ek byna in God begin glo. Terwyl ek afgekyk het na daardie miniatuur-maar-perfekte klein mensie daar in die wiegie, terwyl ek gekyk het hoe daardie brose vingertjies beweeg en herkenning sien deurskemer het in die klein ogies, het ek vir ‘n paar maande deur ‘n tydperk gegaan waar ek amper opgehou het om ‘n godloënaar te wees. Deur na daardie kindjie te kyk, was ek amper oortuig daarvan dat daar ‘n God moet wees.”

1. ALLE ONTWERPE MOET ‘N ONTWERPER Hê

Die ontwerp van die menslike liggaam vereis die bestaan van ‘n ontwerper. Wetenskaplikes vertel ons dat die brein duisende verstandsbeelde bewaar en onthou, dat dit probleme integreer en oplos, skoonheid waardeer, die self verstaan, en die begeerte koester om die beste in elke persoon te ontwikkel. Elektriese ladings wat in die brein ontstaan, beheer al die spierfunksies van ons liggame.

Rekenaars werk ook deur middel van elektriese impulse. Maar dit het ‘n menslike brein gekos om die rekenaar uit te vind en ‘n mens om die rekenaar te bou en dit te sê wat om te doen.

Geen wonder die psalmdigter het tot die slotsom gekom dat die menslike liggaam hard en duidelik spreek van ‘n Skepper nie:
“Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed. - Psalm 139:14. *(Tensy anders vermeld, is alle teksverse uit die Skrif in die ONTDEK Gids geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)*

Ons hoef nie ver te gaan om die “werke” van God te vind nie. Die ingewikkelde ontwerp van die menslike brein en die ander organe in ons liggaam is die “werke” van God en wys na ‘n oneindige bekwame Ontwerper.

Geen pomp wat deur ‘n mens gebou is, kan vergelyk word met die menslike hart nie. Geen rekenaar netwerk kan gelykgestel word aan ons senuweestelsel nie. Geen televisie stelsel is so doeltreffend soos die menslike stem, oor en oog nie. Geen sentrale lugverkoeling- en verwarmingstelsel kan opweeg teen die werk wat gedoen word deur ons neuse, longe en vel nie. Die kompleksiteit van die menslike liggaam veronderstel dat iemand dit ontwerp het, en daardie Iemand is God.

Die menslike liggaam is ‘n volledige stelsel organe – almal met mekaar verbind en almal deeglik ontwerp. Die longe en hart, senuwees en spiere, almal verrig ongelooflike ingewikkelde take wat afhanklik is van ander ongelooflike ingewikkelde take.

As jy tien muntstukke van een tot tien sou merk, dit in jou sak plaas, dit rondskud en hulle dan een vir een uithaal en weer een vir een terugplaas in jou sak, wat is die waarskynlikheid dat jy dit

presies in nommer orde sal plaas? Volgens wiskundige wette het jy slegs een kans in tien biljoen om hulle in nommer orde van een tot tien uit te haal.

Neem nou die kanse van 'n maag, brein, hart, lewer, slagare, are, niere, ore, oë en tande om almal saam te ontwikkel en op dieselfde tydstip te begin funksioneer.

Wat is die aanvaarbaarste verduideliking vir die ontwerp van die menslike liggaam?
"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, . . . EN GOD HET DIE MENS GESKAPE NA SY BEELD, . . . man en vrou het Hy hulle geskape."
- Genesis 1:26, 27.

Die eerste man en vrou kon nie sommer net gebeur het nie. Die Bybel verklaar dat God ons in Sy beeld ontwerp het. Hy het ons uitgedink en ons tot stand gebring.

2. ALLES WAT GEMAAK IS HET 'N MAKER

Bewyse vir God is egter nie beperk tot die ontwerp van ons liggame nie; dit is ook oor die hemele versprei. Laat die stadsligte agter, en kyk in die nag op na die hemelruim. Daardie melkerige wolk agter die sterre wat ons die Melkweg noem is in werklikheid 'n sterrestelsel van biljoene brandende sonne soortgelyk aan ons son. Ons son en sy planete is inderwaarheid 'n deel van die Melkweg. En ons Melkweg is slegs een van 'n beraamde meer as 'n honderd biljoen sterrestelsels wat deur reuse teleskope op aarde gesien kan word en deur die Hubble-teleskoop in die ruimte.

Geen wonder die psalmdigter het tot die gevolgtrekking gekom dat die sterre van 'n glorieryke Skepper spreek nie:
"Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande." - Psalm 19:1-3
.
Tot watter redelike slotsom kan ons kom wanneer ons kyk na die ingewikkelde ontwerp en uitgestrekte grootheid van die heelal?
"In die begin het God die hemel en die aarde geskape."- Genesis 1:1.
"En Hy (God) is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand." - Kolossense 1:17.

Die ganse skepping getuig van God die Meester Ontwerper en Skepper. In die eenvoudige woorde "in die begin het God," vind ons die antwoord tot die geheimenis van die lewe. Daar is 'n God wat alles geskape het.
Baie groot wetenskaplikes glo vandag in God. Dr. Arthur Compton, wenner van die Nobelprys vir fisika, het eenmaal in kommentaar op hierdie teksvers in die Skrif gesê:
"Vir my begin geloof met 'n besef dat 'n opperste intelligensie die heelal tot stand gebring het en die mens geskape het. Dit is nie vir my moeilik om hierdie geloof te hê nie, want dit is duidelik dat waar daar 'n plan is, is daar goddelike intelligensie. 'n Ordelike, ontluikende heelal getuig van die waarheid van die mees majestieuse stelling wat nog ooit gemaak is – 'In die begin het God.'"

Die Bybel poog nie om God te bewys nie – dit verklaar bloot Sy bestaan. Dr. Arthur Conklin, 'n befaamde bioloog , het eenmaal geskryf: "Die waarskynlikheid dat lewe weens 'n ongeluk ontstaan het, is vergelykbaar met die waarskynlikheid dat 'n onverkorte woordeboek ontstaan het as gevolg van 'n ontploffing in 'n drukkery."

Ons weet dat die mens nie iets uit niks kan skep nie. Ons kan dinge bou, dinge uitvind, dinge saamstel, maar ons het nog nooit selfs die kleinste paddatjie of die eenvoudigste blom van niks gemaak nie. Alles rondom ons roep uit dat God ontwerp het, God het geskape, God onderhou. Die enigste geloofbare antwoord oor die ontstaan van die heelal, hierdie wêreld, en menslike wesens, is God.

3. GOD KOM IN ‘N PERSOONLIKE VERHOUDING MET MENSE

Die God wat die sterrehemel ontwerp het, wat die heelal geskep het, verlang ‘n persoonlike verhouding met elkeen van ons. Hy het ‘n persoonlike verhouding met Moses gehad: “Dan spreek die Here met Moses … soos ‘n man met sy vriend spreek” (Exodus 33:11). En God wil ook in ‘n persoonlike verhouding met jou tree en jou Vriend word. Jesus het aan diegene wat Hom volg belowe: “Julle is my vriende” (Johannes 15:14).

Ons het reeds almal geworstel met die gedagte van God, want mense is van nature godsdienstig. Geen dier bou ooit ‘n altaar om te aanbid nie. Tog, oral waar daar manne en vroue is, vind ‘n mens dat hulle aanbid. Diep binne elke menslike hart is ‘n natuurlike begeerte om te aanbid, ‘n bewustheid van God, ‘n begeerte om ‘n vriend van God te word. Wanneer ons reageer op ons begeerte om God te vind, is daar nie verder ‘n twyfel aan Sy bestaan en ons behoefte nie.

Gedurende die 1990’s het miljoene godloënaars in Rusland ateïsme afgesê en hulle tot God gewend. ‘n Professor aan die universiteit in St. Petersburg het ‘n stelling gemaak wat tiperend is van die kommentare wat gemaak is deur baie veranderde ateïste van die voormalige Sowjet Unie: “Ek het gesoek na ‘n betekenis vir die lewe deur my wetenskaplike navorsing, maar het niks gevind waarop ek kon vertrou nie. Die wetenskaplikes rondom my het dieselfde leë gevoel gehad. Toe ek gekyk het na die grootsheid van die heelal in my studie van die sterrekunde, en die leegheid van my siel, het ek gevoel daar moet êrens betekenis wees. Toe ek die Bybel ontvang wat u aan my gegee het, en dit begin lees, is die leegheid in my lewe gevul. Ek het gevind dat die Bybel die enigste bron van vertroue vir my siel is. Ek het Jesus as my Verlosser aangeneem en het ware vrede en bevrediging in die lewe gevind.”

‘n Christen glo in God omdat hy of sy Hom ontmoet het en ontdek het dat Hy die hart se diepste nood bevredig. Die God wat die Christen met vreugde ontdek het dat Hy bestaan, gee aan ons ‘n nuwe perspektief, nuwe betekenis, nuwe motiewe en nuwe vreugdes.

God belowe nie ‘n lewe wat vry is van probleme en konflikte nie, maar Hy verseker ons wel dat Hy ons sal lei en sal onderhou wanneer ons in ‘n persoonlike verhouding met Hom tree. En miljoene Christene kan getuig dat hulle alles sal opgee, eerder as om terug te gaan na ‘n lewe sonder God.

Dit is die grootste wonder van alles – dat die Almagtige God wat die heelal ontwerp en geskep het, en dit onderhou, ook die begeerte het om ‘n persoonlike verhouding met elke man en vrou, seun en dogter te hê. Dawid het hom daaroor verwonder toe hy geskryf het:
“As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?” – Psalm 8:4, 5.

Ons Skepper “dink” aan ons elkeen. Hy stel so persoonlik in jou belang asof jy die enigste wese is wat Hy geskape het.

Ons kan dus in God glo: (1) Omrede die ingewikkelde ontwerp van alles rondom ons wat Hy geskep het. (2) Omdat daar binne ons ‘n begeerte na God is wat ons rusteloos laat totdat ons in Hom rus gevind het. En, (3) Want wanneer ons Hom gesoek het en gevind het, God elke behoefte en begeerte vervul – ten volle!

4. WATTER SOORT GOD IS HY?

Dit is slegs redelik dat ‘n persoonlike God Homself aan Sy geskape wesens sal wil openbaar net soos ‘n vader ‘n begeerte het dat sy kinders hom moet ken. En in die Bybel sê God vir ons wie Hy is en wat Sy geaardheid is.

Watse patroon het God gebruik om manne en vroue te skape?
"En God het die mens geskape na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskape." – Genesis 1:27.

Aangesien ons in God se beeld geskape is, is al ons vermoëns om na te dink en te voel, te onthou en te hoop, te bepeins en te analiseer, alles van Hom afkomstig.

Wat is God se dominante karaktereienskap?
"God is liefde." – 1 Johannes 4:8.

God verkeer met mense vanuit Sy eie hart van liefde.Daar is niks wat Hy gedoen het, of nog ooit sal doen, wat nie gemotiveer is deur 'n self verloënende, opofferende liefde nie.

5. HOE JESUS GOD GEOPENBAAR HET

In die Bybel verwys God herhaaldelik na Homself as 'n vader.
"Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie?" – Maleagi 2:10.

Sommige van die vaderfigure wat ons vandag sien, is allesbehalwe begeerlik. Daar is vergeetagtige pa's, en pa's wat mishandel. God is nie so nie. Hy is 'n gevoelvolle, sensitiewe Vader. Hy is die soort Pappa wat lief is om speletjies te speel saam met sy seun of dogter, die soort Pappa wat sy kinders wen deur vir hulle wonderlike slaaptydstories te vertel.
Ons liefdevolle Vader wou meer doen as om net Homself te openbaar deur die woorde van die Skrifte. Hy weet dat dit baie meer werklik vir ons is, wanneer ons saam met 'n persoon leef, as wanneer ons net van so iemand hoor of van hom in 'n boek lees. Daarom het Hy na ons wêreld toe gekom as 'n werklike persoon – die mens Jesus.

"Hy (Jesus) is die Beeld van die onsienlike God" - Kolossense 1:15.

As jy dus vir Jesus gesien het, het jy God gesien. Hy het na ons vlak toe afgekom – Hy het soos ons geword – sodat Hy ons kon leer hoe om te leef en gelukkig te wees, en sodat ons kon sien hoedat God werklik is. Jesus het God sigbaar gemaak. Hy het self gesê: "Wie My gesien het, het die Vader gesien" (Johannes 14:9).
Wanneer jy die verhaal van Jesus in die vier Evangelies, die eerste vier boeke van die Nuwe Testament lees, sal jy 'n fasinerende uitbeelding van ons hemelse Vader vind. Ruwe vissermanne het hulle nette net so laat staan om Christus te volg, en klein kindertjies het om Hom saamgedrom om Sy seën te ontvang. Hy kon die mees verslae sondaar vertroos en die mees self-geregverdige fariseër van sy valsheid stroop. Hy het enigiets van blindheid tot melaatsheid genees. In al Sy handelinge het Jesus gedemonstreer dat God liefde is! Hy het die menslike behoeftes vervul soos niemand nog ooit tevore – of sedertdien – kon doen nie!

Jesus se finale glorieryke openbaring van God se karakter het op die kruis plaasgevind.
"Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." – Johannes 3:16.

Jesus het nie net gesterf om ons nou 'n gelukkiger lewe te gee nie, maar ook om vir ons die ewige lewe te gee.Vir eeue lank het mense gewonder, gehoop en gedroom van God. Hulle het sy handewerk in die hemelruim en in die skoonheid van die natuur gesien. Toe, op die kruis, het Jesus die stilte van die eeue verbreek en mense kon God aanskou soos Hy werklik is - liefde, ewige en onsterflike liefde!

Jy kan God nou ontdek soos Jesus Hom aan jou openbaar. Daardie ontdekking sal jou lei om 'n baie persoonlike bekentenis te maak: "Vader, ek het U lief!"

Kopiereg © 2000 deur Die Stem van Profesie • Posbus 88, Kaapstad 8000